higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NKR-VLAK 3

(7601023)

29 November 2023 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

518Q1N2329

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF HOER ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID L3 P1
TYD: 2 ½ URE
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. As die vraag die opdrag bevat *stel*, *beskryf*, *verduidelik* en *adviseer*, is eenwoordantwoorde nie voldoende nie.
7. Enige werk wat jy nie nagesien wil hê nie, moet duidelik deurgehaal word.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Voorbeeld van diversiteit is ...

A diskriminasie.
B taal.
C stereotipering.
D menseregte.

1.2 Om diversiteit te aanvaar, beteken dat …

A jy altyd reg is en net jou mening tel.
B jy net jou eie kultuur en godsdiens beoefen en respekteer.
C 'n mens is bereid om by ander en hul ervarings te leer.
D net jou mening geld wanneer besluite geneem moet word.

1.3 Watter van die volgende is nie 'n voordeel daarvan om diversiteit by die werk te respekteer nie?

A Diversiteit help dat werkgewers nie teen 'n sekere kultuur of ras in die werkplek kan diskrimineer nie.
B Diversiteit verhoed dat werknemers van sekere rasse selfsugtig en veeleisend teenoor ander word.
C Diversiteit maak dit makliker vir werknemers om hulself van ander werknemers van verskillende kulture te isoleer.
D Die taalvaardighede in 'n organisasie neem toe wat voorsiening maak vir 'n wyer kliëntebasis om gediens te word.

1.4 Wat is 'n vaardigheidsoudit?

A Dit wys watter vaardighede en kwalifikasies vereis word vir verskeie soorte werke waarin jy belangstel.
B Dit is 'n plan wat jy kan gebruik om doelwitte te vorm wat jy in jou professionele loopbaan wil bereik.
C Dit is 'n hulpmiddel om te beplan waar jy werkservaring en verskeie vaardighede vir jou persoonlike lewe gaan opdoen.
D Dit is 'n instrument wat jou sterkpunte, swakpunte en verskeie vaardighede identifiseer wat jy nog vir jou loopbaan moet ontwikkel .

1.5 Werkskadu beteken …

A dat 'n toekomstige werknemer 'n diens gratis by 'n werkplek kan lewer.
B dat 'n mens 'n ander werknemer dophou en terugvoer gee oor wat aan die gebeur is.
C 'n werkgewer betaal 'n maandelikse toelaag aan sommige van hul werknemers as 'n "dankie".
D 'n werknemer volg 'n ander werknemer wat die werk doen en neem waar.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

2.1 Artikel 9 van die Grondwet van die Republiek van Suid- Afrika handel oor billikheid en verbied onbillike diskriminasie op grond van mense se ras, etniese oorsprong, taal, godsdiens of kultuur.

2.2 Die Verenigde Nasies hanteer sake wat verband hou met boeliegedrag in die werkplek.

2.3 Die eerste stap in basiese probleemoplossing is om 'n moontlike oplossing voor te stel.

2.4 Om mense in die oë te kyk wanneer jy met hulle kommunikeer, is 'n selfgeldende vaardigheid wat 'n mens sal help om 'n konfliksituasie te hanteer.

2.5 As iemand se waardigheid of werksverhoudings deur enige vorm van teistering aangetas word, probeer eers om direk met die oortreder te praat.

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Verdraagsaam en vergewensgesind, maar laat nie ander mense jou misbruik nie	A	volksmoord
3.2	Diefstal van werkeiendom	B	xenofobie
3.3	Vooropgestelde, negatiewe gevoel of mening oor iemand of 'n groep	C	mensehandel
3.4	Opsetlike doodmaak van 'n groot aantal mense	D	plan van aksie
3.5	Om mense met geweld en misleiding te vang en hulle uit te buit vir persoonlike of finansiële gewin	E	vooroordeel
3.6	Intense afkeer van, vrees of haat vir buitelanders	F	tasbare leer
3.7	Neem waar; bevraagteken; lees; resiteer; hersien	G	onproduktiewe gedrag
3.8	'n Manier om sleutelkonsepte te koppel met lyne en skakels	H	ouditiewe leer
3.9	Mens leer baie deur oor probleme en moontlike oplossings te praat	I	selfgelding
3.10	'n Stel stappe om 'n doel te bereik	J	breinkaarte
		K	diskriminasie
		L	SQ3R metode
		M	kindermishandeling

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

neiging; bemiddeling; vooroordeel; geleenthede; vaardighede; arbitrasie; werkplek; funksies; netwerkvorming; onderhandeling; resussitasie; stereotipe; xenofobies; opstanding

4.1 Die proses van … is wanneer 'n derde party 'n finale besluit neem in 'n konfliksituasie waaraan beide partye moet voldoen.

4.2 'n Rigting waarin die arbeidsmark beweeg, word 'n ... genoem.

4.3 Wanneer jy in 'n konfliksituasie met 'n kollega by die werk is, en jy het probeer onderhandel, sal ... die volgende stap wees.

4.4 Kardiopulmonêre … word gebruik as 'n verdrinking-slagoffer nie asemhaal nie.

4.5 'n Opvatting oor 'n groep mense wat nie op feite gebaseer is nie, word genoem ...

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Groepsdruk kan óf positief óf negatief wees.

Gee DRIE voorbeelde van positiewe en konstruktiewe groepsdruk. (3)

5.2 ’n Mens kan negatiewe groepsdruk vermy deur op ’n aanvaarbare manier weerstand te bied en dit teen te staan.

Stel DRIE weieringstrategieë voor wat jy kan gebruik om negatiewe groepsdruk te vermy. (3)

5.3 Pas selfgeldingsvaardighede toe om te reageer op die VIER stellings wat hier onder gegee word. Gee 'n antwoord vir elke stelling.

5.3.1 Almal doen dit!

5.3.2 Niemand sal weet nie.

5.3.3 Jy is nie slim genoeg nie.

5.3.4 Jy is so 'n *loser*!

(4 × 1) (4)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

Kyk na die prent hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Tuberkulose



[https://healthissuesindia.com/2022/03/24/a-tb-free-india-by-2025-health-minister-reaffirms-commitment/]

6.1 Tuberkulose is 'n opportunistiese siekte wat veroorsaak word deur bakterieë in die longe.

6.1.1 Dui TWEE maniere aan waarop TB voorkom kan word. (2)

6.1.2 Noem TWEE simptome van TB. (2)

6.1.3 Hoekom dink jy word TB as 'n opportunistiese siekte beskou? (1 × 2) (2)

6.2 Mense met MIV is meer geneig as ander om TB te kry.

Noem DRIE verskillende maniere waarop MIV oorgedra word en verduidelik in jou eie woorde hoe oordrag plaasvind. (3 × 2) (6)

6.3 Ons het almal die reg om besluite te neem oor ons gesondheid en welstand.

Verduidelik kortliks TWEE besluitnemingsmetodes wat jy kan gebruik om jou te help om slim keuses oor jou gesondheid te maak. (2 × 2) (4)

[16]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

KORRUPSIE VANDAG!

Korrupsie trek wêreldwyd baie aandag. Verskeie studies daaroor toon kwessies wat verband hou met die oorsake, gevolge en omvang van korrupsie en moontlike regstellende aksies. Die studies beklemtoon die koste van korrupsie betreffende ekonomiese groei en inflasie. Verder beklemtoon dit dat die stryd teen korrupsie dalk nie goedkoop is nie en nie onafhanklik kan wees van die hervorming (verandering) van die staat nie. As sekere veranderinge nie aangebring word nie, sal korrupsie waarskynlik steeds 'n probleem bly, ongeag aksies wat direk daarop gemik is om dit te beperk (verminder).

[aangepas vanaf: https://www.imf.org/external/pubs/ft/wp/up9863]

7.1 Wat verstaan jy onder die term *korrupsie*? (1 × 2) (2)

7.2 Bedrog terwyl geld in 'n winkel getel word, is 'n voorbeeld van 'n ekonomiese misdaad.

Gee nog DRIE voorbeelde van ekonomiese misdade in ons samelewing. (3)

7.3 Jou beste vriendin, Tina, wil korrupsie rapporteer wat binne jou TVET-kollege plaasvind, maar sy is nie seker hoe dit enigiemand sal help om dit aan te meld nie.

Adviseer Tina oor DRIE voordele daarvan om korrupsie aan te meld. (3 × 2) (6)

7.4 Leerstyle word gebruik om te beskryf hoe leerders inligting versamel, interpreteer en tot 'n gevolgtrekking kom oor inligting vir verdere gebruik. Indien 'n leerder nie bewus is van hul leerstyl nie, sal hulle die verkeerde studietegniek gebruik; dit sal daartoe lei dat hulle sukkel om inligting te onthou en te herroep.

Verskaf TWEE studietegnieke wat leerders sal help wat die volgende leerstyle gebruik:

7.4.1 Visueel (sig) (2 × 1) (2)

7.4.2 Kinesteties (beweging) (2 × 1) (2)

7.4.3 Ouditief (gehoor) (2 × 1) (2)

7.5 In die klas het jy ook geleer wat linker- en regterbreindominansie is.

7.5.1 Wat is jou breindominansie? (1)

7.5.2 Noem TWEE kenmerke van die dominansie wat jy in VRAAG 7.5.1 genoem het. (2)

[20]

VRAAG 8

Lees die scenario hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Die Suid-Afrikaanse Wet op Gelyke Indiensneming (EEA) bepaal dat geen persoon op een of meer gronde, insluitend ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, gesin, onbillik, direk of indirek, teen 'n werknemer mag diskrimineer in enige indiensnemingsbeleid of -praktyk of verantwoordelikheid op grond van etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, MIV-status, gewete, geloof, politieke opinie, kultuur, taal of geboorte nie (RSA, 1998). *[*Bron*: Scielo.org.za]*

8.1 Wat is *genderdiskriminasie* ? (1 × 2) (2)

8.2 Genderdiskriminasie kan almal raak.

Gee DRIE voorbeelde van genderdiskriminasie. (3)

8.3 Gestel jy word eendag president van Suid-Afrika, wat sal jy doen om genderdiskriminasie in ons samelewing teë te werk. Verskaf TWEE maniere. (2 × 2) (4)

8.4 Onproduktiewe gedrag is verkeerd en nie aanvaarbaar in die werkplek nie.

Skryf in 'n paragraaf VIER punte neer om hierdie stelling te ondersteun. (5)

[14]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Sibonise is 'n finalejaar- meganiese ingenieurstudent aan 'n TVET-kollege. Al wat sy wil hê, is om in die nabye toekoms 'n suksesvolle meganiese ingenieur te word.

9.1 Gee Sibonise raad oor waar sy na haar studies werk of werksgeleenthede kan soek.

Noem DRIE plekke/hulpbronne. (3)

9.2 'n Persoonlike ontwikkelingsplan (POP) is een van die belangrikste aspekte in 'n mens se loopbaanpad.

Gee ten minste TWEE doelwitte van 'n POP. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

9.3 Sibonise wil werkskadu by 'n plaaslike maatskappy.

Verduidelik kortliks aan haar DRIE voordele van werkskadu. (3 × 2) (6)

9.4 Morele waardes is wat 'n mens glo reg of verkeerd is.

9.4.1 Verskaf DRIE voorbeelde van moreel onaanvaarbare gedrag in die werkplek. (3)

9.4.2 Skep 'n persoonlike kode vir werksetiek wat jou sal help om moreel aanvaarbaar in die werkplek te presteer. Sluit DRIE waardes in jou kode in. (4)

9.5 Korrupsie is 'n vorm van onaanvaarbare gedrag by die werk. In die nuus is daar voortdurend berigte van korrupsie wat in ons land plaasvind.

Hoe beïnvloed korrupsie Suid-Afrika? Beskryf TWEE maniere. (2 × 2) (4)

9.6 Sibonise het uitgevind dat hul kampusbestuurder die studentegelde gebruik het om saam met sy gesin op 'n oorsese vakansie te gaan.

In 'n paragraaf van VYF sinne, verduidelik vir Sibonise hoe om korrupsie aan te meld. (6)

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou